HOOFSTUK 25: DIE KONGRES

1. INLEIDING

1.1 Die grondwet bemagtig die hoofbestuur in artikel 26.1 om kongresse op te roep.

1.2 Die kongres is die hoogste bestuursliggaam in *Die Voortrekkers* en sy besluite is bindend op alle lede en bestuursliggame van *Die Voortrekkers.*

2. TYDSTIP WANNEER DIE KONGRES SIT

2.1 Die kongres kom minstens elke vier jaar in gewone sitting byeen op 'n tyd en plek deur die hoofbestuur bepaal.

2.2 Die kongres kom in buitengewone sitting byeen wanneer die hoofbestuur dit nodig vind.

3. SAMESTELLING

Die kongres word soos volg saamgestel:

3.1 die lede van die hoofbestuur;

3.2 twee afgevaardigdes van elke kommando met meer as 40 lede met een bykomende afgevaardigde vir elke volle honderd lede bo die eerste honderdtal, aangewys deur die kommandobestuur;

3.3 een afgevaardigde van elke veldkornetskap los van ‘n kommando en kommando’s met minder as 40 lede, aangewys deur die veldkornetskaps-/kommandobestuur;

3.4 een afgevaardigde van elke oord, aangewys deur die betrokke oorddagbestuur

3.5 die gebiedsjeugrade van elke gebied;

3.6 een senior Verkenner afgevaardigde van kommando’s met Verkenners, aangewys deur kommandobestuur en

3.7 ander persone wat die hoofbestuur besluit het om in raadgewende hoedanigheid uit te nooi.

4. VERGADERINGREëLINGS

4.1 Oproep

4.1.1 Die adjunkhoofleier [administrasie] roep die kongres vir 'n gewone sitting op deur aan elke bestuursliggaam minstens 3 maande voor die datum wat vir die kongres vasgestel is skriftelik daarvan kennis te gee. Sodanige kennisgewing moet die datum, tyd, tydsduur en plek van die kongres bevat, 'n blanko geloofsbrief en 'n uittreksel uit die grondwet oor watter persone na die kongres afgevaardig kan word, die getal afgevaardigdes wat elke bestuursliggaam kan afvaardig, kostes van verblyf en etes en ander tersaaklike besonderhede.

4.1.2 'n Buitengewone kongres kan op korter kennisgewing opgeroep word indien die hoofbestuur so besluit.

4.2 Ampsdraers

4.2.1 Die hoofleier tree as voorsitter van die kongres op. Indien die hoofleier nie teenwoordig is nie wys die hoofdagbestuur betyds 'n adjunkhoofleier (anders as die adjunkhoofleier [administrasie]) aan om as voorsitter vir die kongres op te tree.

4.2.2 Die adjunkhoofleier [administrasie] tree as sekretaris van die kongres op. Indien hy nie teenwoordig is nie, wys die hoofdagbestuur betyds 'n persoon uit sy geledere of uit hoofbestuur aan om as sekretaris vir die kongres op te tree.

4.3 Afgevaardigdes

4.3.1 Afgevaardigdes na 'n kongres neem alleen sitting met 'n voorgeskrewe geloofsbrief wat die hoofkantoor voor die sperdatum bereik.

4.3.2 'n Afgevaardigde van 'n kommando of 'n veldkornetskap los van 'n kommando moet 'n lid van die betrokke bestuursliggaam wees.

4.3.3 Afgevaardigdes besit die vryheid om volgens eie oordeel oor 'n saak te stem na oorweging van die toeligting en in die lig van die bespreking. 'n Bestuursliggaam kan nie sy afgevaardigdes bind om 'n bepaalde standpunt te steun of te verwerp nie.

4.3.4 'n Bestuursliggaam wys sekundi vir afgevaardigdes na die kongres op dieselfde tydstip en wyse aan as waarop die primi-afgevaardigdes aangewys word. 'n Primuslid roep self sy sekundus na die kongres op indien die primuslid dit nie kan bywoon nie.

4.4 Sakelys

4.4.1 Die hoofdagbestuur bepaal die sluitingsdatum vir die inhandiging van beskrywingspunte en grondwetwysigings met volledige motivering wat op die kongres moet dien.

4.4.2 Die hoofdagbestuur stel 'n uitgewerkte sakelys saam en lê dit aan die hoofbestuur vir goedkeuring voor.

4.4.3 Die hoofdagbestuur stel ‘n verslag oor die werksaamhede van die hoofbestuur en die hoofdagbestuur saam en lê dit aan die hoofbestuur vir goedkeuring voor.

4.4.3 Die hoofdagbestuur bepaal die duur van die kongres en die tyd wat vir die behandeling van elke punt op die sakelys beskikbaar is.

4.4.4 Die sakelys van 'n gewone kongres word minstens 30 dae voor die aanvang van die vakansie waarbinne die kongres val, aan bestuursliggame gepos.

4.5 Opening

Die kongres word met samesang, skriflesing en gebed geopen waarna die toepaslike beloftes voorgehou word.

4.6 Konstituering

4.6.1 Afgevaardigdes na die vergadering neem sitting na die voorafinhandiging van die voor geskrewe geloofsbriewe.

4.6.2 Na die opening word 'n skriftelike verslag van die adjunkhoofleier [administrasie] oor die geloofsbriewe in behandeling geneem.

4.6.3 Die vergadering behandel daarna besware teen ingekome geloofsbriewe

4.6.4 Die byeenkoms word dan wettig saamgestel uit die afgevaardigdes teen wie se geloofsbriewe geen beswaar ingebring is nie.

4.6.5 Die aanwesige afgevaardigdes vorm 'n kworum.

4.7 Vergaderingsprosedure

Die vergaderingsprosedure soos in hoofstuk 18 van die reglemente bepaal, word tydens alle vergaderings van die kongres gevolg, aangevul deur die reëlings soos in die volgende artikels uiteengesit.

4.8 Ordereëlings

4.8.1 'n Lid van die kongres wat 'n spreekbeurt verlang oor 'n bepaalde saak onder bespreking, steek sy hand op waarna sy naam op 'n lys geplaas word deur 'n persoon daartoe aangewys deur die voorsitter. Die voorsitter ken die spreekbeurte toe in die volgorde van die lys. Die tydsduur van 'n spreekbeurt is beperk tot vyf minute maar mag met toestemming van die voorsitter verleng word.

4.8.2 Geen lid van die kongres is geregtig op meer as een spreekbeurt oor 'n bepaalde saak nie, behalwe wanneer al die sprekers op die lys hulle beurt gehad het en daar nog tyd oor is wat vir die bespreking van die bepaalde saak toegeken is. Die voorsitter beslis dan of die bespreking beëindig word en of daar 'n tweede spreekbeurt toegeken word.

4.8.3 Tydens die bespreking van 'n saak het lede van die vergadering die reg om voorstelle en amendemente op voorstelle in te dien by die adjunkhoofleier [administrasie] of die persoon daartoe aangewys deur die voorsitter. Dit moet skriftelik geskied en behoorlik onderteken word deur die voorsteller en sekondant.

4.8.4 Die adjunkhoofleier [administrasie] of persone daartoe aangewys deur die voorsitter rangskik die voorstelle en as twee of meer voorstelle dieselfde strekking het, vestig hy die aandag van die voorsitter daarop, wat dan die voorstellers en sekondante versoek om een voorstel voor die kongres te lê.

4.8.5 Die adjunkhoofleier [administrasie] of persone deur die voorsitter daartoe aangewys verseker dat elke mosie voordat dit tot stemming kom, uitvoerbaar is.

4.9 Beskrywingspunte

4.9.1 Die hoofbestuur oefen sy diskresie uit oor watter van die ingekome beskrywingspunte op die kongres dien.

4.9.2 Die betrokke bestuursliggaam wat 'n beskrywingspunt ingedien het kry 'n spreekbeurt van hoogstens 5 minute om die beskrywingspunt toe te lig, maar kan by die skriftelike motivering volstaan onderhewig aan die bepaling van artikel 4.9.4 van hierdie hoofstuk.

4.9.3 Die beskrywingspunt verval wanneer 'n lid van die betrokke bestuursliggaam nie teenwoordig is om dit toe te lig nie.

4.9.4 Aan die einde van die bespreking oor die betrokke beskrywingspunt kry die inleier geleentheid om repliek te lewer. Geen nuwe argumente mag tydens die geleentheid aangevoer word nie.

4.10 Revisie

Geen rapport of saak wat afgehandel is, mag op dieselfde sitting weer behandel word nie, onderworpe daaraan dat wanneer 'n lid van die kongres van mening is dat 'n besluit hersien moet word, hy tydens die sitting van die kongres 'n skriftelike versoek om hersiening mag inhandig, mede-onderteken deur 'n lid van die kongres. Op ontvangs van so 'n versoek lê die voorsitter dit aan die kongres voor. Die voorsteller ontvang die geleentheid om sy versoek toe te lig, en een spreker wat beswaar wil maak, kry 'n spreekbeurt. Die tydsduur is in elke geval beperk tot vyf minute. Daarna stem die kongres oor die versoek. Indien tweederdes van die aanwesige lede hulle ten gunste van die versoek verklaar, word die saak opnuut behandel.

4.11 Notule

4.11.1 Die hoofbestuur benoem 'n notulehouer vir die vergadering.

4.11.2 Die notule van die kongres word deur die hoofbestuur behandel en goedgekeur.

4.11.3 Die finale notule moet so gou moontlik maar nie later as die eerste hoofbestuursvergadering aan bestuursliggame versprei word.

4.11.4 Die besluite van die kongres word so gou doenlik gepubliseer.

5. MAGTE, PLIGTE EN WERKSAAMHEDE

Die kongres verrig die take soos uiteengesit in Grondwet, artikel 26.1.5.